

3 September

Skrifgedeelte: Genesis 17:1-8

Fokusgedeelte: Genesis 17:7

God sluit 'n verbond met ons

Ons Here is 'n Verbondsgod. *Hy* verbind Homself eensydig uit pure genade aan ons met die plegtige belofte: Ek sal *julle God* wees en julle sal *my* volk wees.

So het Hy by verskillende geleenthede na Abraham gekom. Die konkrete belofte aan Abraham, dat Hy sy nakomelinge sal vermenigvuldig en die land Kanaän as besitting aan hulle sal gee, word egter nie dadelik vervul nie. Geloof en geduld is nodig, sê die Hebreërbriëfskrywer (6:12). Tog word dieselfde beloftes oor en oor herhaal: aan Isak, Jakob, Josef, Moses, Josua ensovoorts. Ons Here maak telkens 'n *nuwe begin*. Hy bly getrou, ondanks die ontrou van sy kinders.

Uiteindelik maak Hy 'n nuwe verbond met die koms en werk van Jesus Christus en die uitstorting van die Heilige Gees. Eintlik moet 'n mens sê Hy maak die ou verbond telkens nuut. Sy beloftes word met elke vervulling nog ryker totdat die finale vervulling so volledig nuut sal wees dat daarvan gesê word dat dit in die hart van geen mens opgekom het nie ...

So kom die Here na jou toe en maak 'n verbond, 'n ooreenkoms, met jou. Dink net: Die almagtige Skepper, die Here van die here, die grote God voor wie die nasies maar 'n druppel in die emmer is, kom praat met *jou*! Hy kom praat met jou oor jou sonde en skuld, swakheid en blindheid en bring jou op jou kniee. Hoe kan dit ook anders, want wie is jy en ek nogal?

Dit is egter nie al nie. *Hy* maak sy hart vir *jou* oop en maak jou syne. Sy kind, een van sy gesin. Meer nog: Hy maak jou sy medewerker. Hy verander jou: eers was jy 'n gevangene van Satan, nou is jy eiendom van Christus, in 'n vertrouensposisie in sy diens. Hy maak jou deur sy Gees van harte gewillig en bereid om vir Hom te lewe. Dit laat ons na Hom luister, Hom uit liefde gehoorsaam, Hom aanbid en prys. Wie is soos U, o Here?!

Sing: Psalm 73:11 (1936); Psalm 73:5 2001)

Ds. H (Hessel) Dijkstra (Emeritus)